

### Die vaandel onder die nasies

**H**et jy geweet dat mens die woord "vaandel" of "banier" (OAV) ook met "paal" kan vertaal? Dis dieselfde woord wat in Numeri 21:8 gebruik word wanneer die Here vir Moses beveel om 'n koperslang te maak en dit op 'n "paal" te sit. "Elkeen wat gepik is en daarna opkyk, sal lewe." Ons Here Jesus Christus pas hierdie paal met die koperslang as sinnebeeld op Homself en sy verhoging aan die kruis toe (Joh 3:14). Die nederige wortel van Isai – dit wil sê, uiteindelik: ons Here Jesus Christus in die volheid van die tyd – sal hierdie "vaandel" wees (Jes 11:10).

'n Vaandel word gebruik om mense, veral in 'n oorlog, daaromheen te versamel. Mense sien dit van ver af en hardloop daarheen. So is die kruis van ons Here Jesus Christus die banier wat onder die volke opgehou word om almal wat in die Gekruisigde en Opgestane glo te verseker van die ewige lewe in sy Naam. Mooi stel Calvyn dit: "Daarom moet ons tot die slotsom kom dat ons nie deur die Here versamel kan word nie, tensy ons rondom hierdie vaandel bymekaar kom en met Hom verenig word deur die geloof; want daar is geen ander manier waarop Hy ons as sy skape erken as wanneer ons – nadat ons verstrooi was – in dieselfde gemeenskap onder hierdie vaandel versamel is nie; soos Hy sê: My skape luister na my stem (Joh 10:27)".

Besef jy dat God my en jou vandag – in hierdie 21ste eeu met al sy wanhoop en vervreemding! – roep om deur die krag van die Heilige Gees die vaandel van die evangelie hoog oor die nasies op te hef en tot aan die eindes van die aarde uit te dra ... en wat van in jou onmiddellike omgewing?

*Dr. PP Kruger (Meyerspark)*